# Les 14 JESUS IS ONS DINAMO IN DIE HEMEL – HY DRAAI ALLES OM

## 1. ’n Dinamo draai alles om

Ons het verlede keer gesien dat Jesus die Christus is. Hierdie keer gaan ons kyk wat die Christus dóén.

Hoe werk ’n dinamo?

Só! Alles word die hele tyd omgedraai. Dit wat bo is, draai ondertoe, en dit wat onder is, draai boontoe. Die hele tyd draai alles rondom die magneet binne-in die dinamo.

Wat draai om wat? Die koper en rubber en plastiek draai die hele tyd om die magneet!

Wanneer ’n dinamo só werk – alles word die hele tyd omgedraai – dan word daar krag opgewek wat uit die dinamo vloei.

Die groot geheim is dat alles die hele tyd omgedraai moet word. Sodra dit net vir een oomblik stop, dan stop die uitvloei van die krag dadelik.

## 2. Christus is ons dinamo: Hy draai alles die hele tyd om in God

Dit is die werk wat Jesus doen omdat Hy die Christus is. Hy draai alles wat mens is, die hele tyd om:

- Dit wat Hy as mens bo in die Hemel is, draai Hy na ons toe, en dit wat ons as mense op aarde is, draai Hy na Hom toe.
- Dit wat God met Hom moes doen, draai Hy na ons toe, en dit wat God met ons moes doen, draai Hy na Hom toe.

Só maak Hy alles wat ons as sondaars is, Syne, en alles wat Hy as mens in die Hemel is, maak Hy ons s’n op aarde.

Dit doen Christus die hele tyd. Deur dit te doen, maak Jesus Christus dat God se liefde, Sy genade, Sy barmhartigheid en goedheid na ons vloei, al is en bly ons sondaars.

Omdat Christus sélf God is, draai Hy ons plek as mense by God om, en wek Hy in Homself as God, die krag op wat ons nodig het: God se liefde vir sondaars.

Die hele Nuwe Testament wys ons hoe Jesus alles vir ons omdraai, en God se liefde vir ons opwek en na ons toe laat vloei.

Kom ons kyk daarna!

**3. God vervloek sondaars**

Lees Gal. 3:10: *“[10] Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: “Daar rus ’n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.”*

Hierdie vers leer ons God vervloek sondaars omdat hulle Sy Wet nie gehoorsaam nie. ‘Vervloek’ beteken dat God self sorg dat dit met jou sleg gaan. God word iemand wat vir jou net sleg is, en sleg wíl wees, omdat jy ongehoorsaam is aan Sy Wet.

Baiekeer wens ons dat dit met ander mense moet sleg gaan, en ons tree sleg op teenoor sulke mense. Met God is dit baie anders. God wens nie. God dóén wat Hy wil. Wat Hy wil, gebeur. As God wil hê dit moet sleg gaan met jou, dan ís Hy sleg vir jou – Hy is die skepper van Hemel en aarde. Hy kan met al Sy mag sorg dat niks goeds jou toekom nie.

**4. Wat moet 'n mens doen sodat God jou nie vervloek nie?**

Kom ons lees weer Gal. 3:10: *“Daar rus ’n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.”*

Die ‘boek van die wet’ is die Tien Gebooie. ‘Stiptelik alles doen’ beteken om altyd, orals en elke dag, die héle dag, alles te doen wat God wil hê ons moet doen. Dit beteken om nooit Sy wil te oortree nie.

As jy nie wil hê dat God jou moet vervloek vir jou sondes nie, dan moet jy nie sonde doen nie. Jy moet doen wat Hy sê.

Met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte moet jy God se gebooie onderhou. As jy Sy gebooie breek, dan laat God dit met jou sleg gaan – Hy vervloek jou.

Volgens die Wet van die Here, sal God jou nie vervloek nie as jy ál Sy gebooie áltyd onderhou.

**5. Die teenoorgestelde van vervloek is – seën**

Kom ons lees Gal. 3:7 en 8:

*“[8] Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: “In jou sal al die nasies geseën word.” [9] Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word.”*

Wat beteken dit om iemand te seën? Vir ons mense beteken dit dat ons wens dat dit met iemand goed sal gaan. As God iemand seën, beteken dit dat Hy vir iemand goed is en goed wíl wees as Here en God. God wens nie maar nie, Hy laat gebeur wat Hy wil hê.

God se seën is presies die teenoorgestelde van God se vloek.

**6. God seën sondaars wat nie die Wet onderhou nie**

Vir wie het God geseën? In verse 7 en 8 sê Paulus dit is vir Abraham. Dink julle Abraham het die Tien Gebooie altyd stiptelik onderhou en dit nooit oortree nie?

Dit is nou die verrassende ding! Abraham is ook 'n sondaar net soos ander sondaars, maar God vervloek nie vir Abraham nie. Hy doen presies net die teenoorgestelde – Hy seën vir Abraham.

God seën sondaars wat nie die Wet onderhou nie, en wat sonde doen!

**7. Jesus draai die vloek en die seën om**

Hoe kan God dit doen?

Aan die een kant sê God Hy sal mense wat Sy wet oortree, vervloek. Hy sal sorg dat dit met hulle sleg gaan. Aan die anderkant seën God vir Abraham, wat óók ŉ sondaar is en die Wet van God baie oortree het.

Kom ons lees Gal 3:13 en 14:

*"13 Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." 14 Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."*

**7.1 Jesus draai alles om! Hý word vervloek, en nie geseën nie**

Hy word nie geseën nie, maar vervloek. Wie het God vervloek? Hierdie vers wys ons dat daar al in die O.T. geleer is dat God mense vervloek wat aan 'n hout opgehang is. Dit is vir ons as kerk baie belangrik dat Jesus gekruisig is. Hier kry julle nou die rede. God sélf het Sy eie Seun vervloek. Hy wou nie vir Hom as Vader goed wees nie. Hy wou hê dat dit met Sy Seun sleg sal gaan.

Kan julle dink wat dit vir Jesus beteken het? Wie is die naaste mense aan kinders? Hulle ouers! Hulle ouers moet vir hulle sorg en hulle liefhê. Kinders kan nooit loskom of regtig weggaan van hulle ouers nie. Daar is 'n geestesband wat hulle vasmaak aan mekaar.

Kan julle dink hoe sal dit wees as 'n ouer besluit hy wil sleg wees vir sy kinders? Dink net hoe sal jou skoollewe, jou verjaarsdae, jou vakansies en jou huislewe wees as jou pa besluit hy wil vir jou sleg wees! Hierdie band is nog intiemer tussen Jesus, die Seun van God, en God, Sy Vader! Hulle is één in wese!

Nou gebeur die ondenkbare – God die Vader laat die slegte van Sy wil op Jesus afkom. Hy vervloek Sy eie Seun. Jesus word nie deur die Vader geseën nie. Hy word deur God die Vader vervloek. Dit is wat dit beteken dat Jesus gekruisig is.

### 7.2 Jesus draai alles om: óns word nie vervloek nie, maar geseën

Wat moet God doen met mense wat nie stiptelik alles doen wat in die Tien Gebooie staan nie? Hy moet hulle vervloek. As julle nou na julle eie lewens kyk – dink julle God gaan julle vervloek, of seën Hy julle? Anders gestel: is God julle Vader wat vir julle goed is, of is Hy God wat nie vir julle die Goeie Vader wil wees nie?

Dit is die Evangelie wat ons in vers 13 hoor: *"Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word."*

Dink net wat beteken dit vir ons: God is ons goeie Vader wat vir ons goed is en goed wíl wees – al oortree ons die Wet en onderhou ons dit nie stiptelik nie.

Hoe so? Want Jesus het alles omgedraai. Die vloek wat na ons kant toe moes kom, het Hý gekry, en die seën wat na Sy kant toe moes gaan, kom na óns kant toe.

## 8. Jesus is ons dinamo: Hy draai Sy stiptelike gehoorsaamheid na ons toe, en ons verbreking van die Wet, na Hom toe

Dit is presies hoe 'n dinamo of kragopwekker werk.

'n Dinamo draai alles altyd in die rondte om 'n magneet. Net so draai Jesus in die Hemel elke dag, alles, die hele tyd in die rondte binne-in God. Vers 13 sê Jesus het in ons plek 'n vervloekte geword, en vers 14 sê ons word geseën met die seën wat eintlik na Jesus toe moes gegaan het.

Alles wat ons op aarde doen, draai Hy na Sy kant toe. Alles wat Hy op aarde gedoen het en nou in die Hemel doen, draai Hy na ons kant toe. Ons verbreek die Wet; dit word na Sy kant toe gedraai. Hy onderhou die Wet stiptelik; dit word na ons kant toe gedraai.

God se seën wat Jesus moes kry omdat Hy die Wet stiptelik onderhou, word na ons kant toe gedraai. Ons vloek wat ons moes kry omdat ons die Wet verbreek, word na Jesus se kant toe gedraai.

Wanneer doen Jesus dit vir ons? Hy doen dit die héle tyd! Elke dag, die héle dag!

## 9. Jesus wek God se liefde op en laat dit in ons invloei

Wat gebeur as ŉ dinamo die hele tyd alles omdraai? Hy wek krag op en laat krag uitvloei!

Solank as wat die koperdraad van die dinamo al in die rondte om die magneet draai, so lank word daar 'n elektriese stroom opgewek wat uit die dinamo na die ketel toe vloei, binne-in die ketel ingaan en die ketel laat werk.

Kom ons lees Galasiërs 4: 4-6:

*"4 Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe 5 om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. 6 En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!"*

Vers 4 en 5 wys weer dat Jesus alles omdraai. Hy vat ons plek onder die Tien Gebooie, en ons kry Sy plek onder die Tien Gebooie.

Wat stuur God uit Homself uit na ons toe as Jesus alles omdraai?

Hy stuur die Heilige Gees! Dit is, God stuur Sy liefde vir ons tot binne-in ons harte, sodat ons God se liefde deel en Hom ons Vader noem, wat ons liefhet.

Jesus draai ons sonde na Hom, en Sy stiptelike gehoorsaamheid na ons. Hy kry die vloek, en ons kry die seën wat Hy moes kry. Dit maak dat God Sy liefde vir ons stuur, tot binne-in ons. Nou kan ons Hom ons Vader noem, wat vir ons goed is. Al doen ons sonde, is Hy nooit God wat ons vervloek nie.

## 10. Ketels kan maar net glo in die kragopwekker

Wat moet ons doen sodat God ons goeie Vader is wat ons seën en ons nooit weer sal vervloek nie, al onderhou ons nie die Wet van die Here stiptelik nie, al haat ons baiekeer die Here en Sy wil?

Kom ons lees Gal. 3 verse 6, 9 en 14.

*"6 So was dit ook met Abraham: "Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek. ... 9 Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word. ... 14 Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan*

*Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."*

Wat moet 'n ketel doen om seker te wees dat die elektriese stroom sal aanhou vloei na hom toe? Hy kan dit maar net glo!

Hy hoef nie te probeer om 'n skoon ketel, 'n heel ketel of 'n goue ketel te wees nie. Die krag word nie deur die ketel se goeie kookvermoë gemaak nie, dit word deur die dinamo gemaak in die kragsentrale.

Die ketel help nie om die kragstroom te maak óf te kry nie. Die dinamo maak die stroom, en laat dit vloei tot binne-in die ketel.

Net so! As ons Jesus net vertrou om ons dinamo te wees, sal Hy in die Hemel altyd alles vir ons omdraai. Hy sal ons vloek vat, en Hy sal die seën van God die Vader wat Hý moes kry, na ons kant toe draai. Ons kry Sy stiptelike gehoorsaamheid aan die Wet, en Hy kry ons verbreking van die Wet.

Hy doen dit élke dag, die héle dag. Terwyl ons hier op aarde ketels is, is Hy die dinamo in die Hemel.

## 11. Dinamo's laat ketels kook

Is dit moontlik dat 'n ketel die stroom wat deur 'n dinamo opgewek is, in hom inkry en dat die ketel nie kan kook nie?

As daardie stroom deur die bruindraad binne-in 'n ketel ingaan, dan kook hy. Klaar en gedaan.

Kom ons lees weer Gal. 4:6: *"6 En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!"*

Wat gebeur binne-in ons as ons Jesus vertrou om alles in die Hemel vir ons om te draai?

Hy vat ons vloek en Hy  maak dat God die Vader ons goeie Vader is en bly; die hele tyd, vir altyd, net soos 'n dinamo altyd die hele tyd in die rondte draai.

Hy laat vloei Sy liefde binne-in ons in, en hierdie liefde skep binne-in ons, liefde vir God. Hierdie liefde wat ons vir God kry as Sy liefde in ons invloei deur ons geloof, maak dat ons Hom aanroep en aanbid volgens die Tien Gebooie.

God máák ons Sy kinders wat Hom liefhet: wat vir Hom aanroep en aanbid as Vader!

Elkeen wat in Jesus glo as sy dinamo – Hy draai alles om – word 'n ketel wat kook: 'n kind van God wat Hom liefhet.

Daarvoor kan ons God altyd vertrou – Hy sal ons goeie Vader wees, wat altyd vir ons goed is.

## 12. Net deur die Evangelie en net deur Geloof

Onthou wat is die kontakpunt binne-in die ketel wat op die bruindraad pas! Dit is Geloof!

Al wat ons as ketels hoef te doen om altyd hierdie stroom van God se liefde in ons te ontvang – is om Hom te vertrou as die Een wat alles vir ons in die Hemel omdraai, sodat God ons Goeie Vader kan wees.

God vervloek nie Sy kinders nie, Hy seën hulle. Hy is en sal altyd vir ons, al is ons sondaars, die Goeie Vader wees. Daarvoor sorg Jesus, ons dinamo, in die Hemel elke dag, die hele dag: Hy draai alles in die Hemel vir ons om.

Hoekom is Christene mense wat in hulle harte God vereer deur Hom ‘Abba, Vader’ te noem? Omdat Hy hulle Goeie Vader is deur Jesus, wat die vloek en seën in die Hemel omdraai!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________

Handtekening: ouer of voog